

EKONOMIESE INVLOEDE OP DIE SUID-AFRIKAANSE BESKAWINGSPATROON

Die aanwesigheid van gunstige hulpbronne in 'n land is nie 'n waarborg vir sy ekonomiese ontwikkeling nie. Daar moet die nodige kulturele magte wees om hierdie opgehoopte rykdom in produktiewe beleggings om te sit. Daarvoor is die inisiatief, die visie en die kapitaal van die ondernemer nodig. Wat die opbrengs van hierdie beskikbare hulpbronne sal wees, hang ook van die besondere sosiale en kulturele milieu af waarbinne die ekonomiese aktiwiteite in 'n land beoefen word. In enige gemeenskap is hierdie milieu die eksterne uiting van die fundamentele godsdienstige, morele en kulturele opvattinge en aspirasies van die mense wat daardie gemeenskap vorm. Hierdie uiteindelijke waardes neig weer om uitdrukking te vind in sekere godsdienstige, sosiale, politieke en kulturele instellings, wat weer op hulle beurt die lewenswyse vir die mense in die gemeenskap voorskryf en die motiverings en gedragspatrone van hulle reaksie op bepaalde omstandighede bepaal.

Dit is vanoggend my taak om te probeer aandui hoe die mens op ekonomiese impulse reageer en hoe ekonomiese faktore met die verloop van tyd die beskawingspatroon van die inwoners van Suid-Afrika beïnvloed het. Enige kultuur het ook sy materiële aspek, wat uitdrukking vind in die drang van die individu na 'n steeds hoër lewenstandaard. Soos die ekonomiese ontwikkeling van 'n land vorder, word die bestaande gebruike, gewoontes, waardes en tegniese gereedskap van die inwoners gewysig — in kort die hele milieu van die samelewing. Dit plaas die inwoners van die land in 'n nuwe wêreld met nuwe probleme en nuwe uitdagings. Dit is om dié rede dat die inwoners van die onderontwikkelde lande, met hulle tradisionele lewenswyse en verknogtheid aan die grond, dikwels aktief weerstand bied teen enige ekonomiese hervormings en ontwikkelingsplanne. Die gevolgtrekkings is dat 'n land ekonomies kan en sal ontwikkel, alleen indien sy inwoners se kulturele aanvaarde waardes voldoende gewig aan materiële prestasies toeken.

Waar die algemene strekking van my lesing dus gaan oor die ekonomiese invloede op die Suid-Afrikaanse beskawingspa-

troon, moet ek dadelik daarop wys dat daar in die ontwikkelende lande, wat ook van die Suid-Afrikaanse nie-blankes geld, in die reël gepoog moet word om doelbewus en sistematies die inwoners van daardie lande te beïnvloed, te oorreed en op te voed om ekonomiese ontwikkeling as 'n integrale deel van hulle volkslewe te aanvaar. Hulle moet dus sielkundig gekondisioneer en gemotiveer word om ekonomiese groei as 'n aanvaarde norm van beskawingspeil vir hulle samelewing te sien. Om in die doelwit te slaag, wat uit die aard van die saak 'n langtermyn-vraagstuk is, moet daar by hierdie gemeenskappe baie vooroordeel, vyandskap en onverskilligheid jeens ekonomiese groei oorkom word — of om dit anders te stel, daar is verskeie hindernisse in die weg van ekonomiese ontwikkeling wat eers verwyder moet word om in dié doel te slaag. Die belangrike konklusie kan dus gemaak word dat terwyl ekonomiese ontwikkeling feitlik onopsigtelik 'n vormende invloed op die blanke beskawingspeil in Suid-Afrika uitoefen, moet daar ten opsigte van die nie-blankes nog gepoog word om hulle lewensuitkyk sodanig te beïnvloed dat ekonomiese ontwikkeling vir hulle aanneemlik word. Daar is dus 'n wedersydse bevrugting. Enersyds beïnvloed die inwoners van 'n land sy ekonomiese ontwikkeling, terwyl die ekonomiese ontwikkeling andersyds op sy beurt weer die betrokke volk se beskawingspeil beïnvloed. Daar is goeie redes waarom die proses in die geval van die nie-blankes oorwegend uit die teenoorgestelde sy benader moet word. Die ideale, waardes en intellektuele atmosfeer in die ekonomiese ontwikkelde Westerse lande, wat ook die blanke sektor van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding insluit, is deur die Griekse en Romyse beskawings, die Judaïes-Christelike geloof, die Renaissance, die Hervorming en die Verligting en die Industriële en Franse Rewolusies gevorm en getemper. Hoewel ons wat vandag leef natuurlik nie self al hierdie gebeurtenisse meege maak het nie, stam ons nietemin uit hierdie beskawings en deel ons dus in hierdie ontwikkelingsewoluë — met ander woorde dit is deel van ons karakter en lewensuitkyk.

Ontwikkeling van die ekonomiese denke

In hierdie opsig is dit belangrik om kortliks kennis te neem van die veranderings in die ekonomiese denke van Wes-

Europa wat daar met die verloop van die tyd ingetree het, aangesien hierdie ontwikkelings ook hulle stempel op Suidelike Afrika, via die Europese afstammelinge alhier en die koloniale beheer wat daar uit Wes-Europa oor dié gebied uitgegaan het, afgedruk het. Na die Middeleeue, met sy landheer-, kerk- en gildegebondenheid, kry ons die Merkantilisme wat van omstreeks die 16e tot die 18e eeu geheers het. Volgens hierdie leerstelling, wat ook as 'n vorm van sosialisme beskou kan word, moes daarna gestreef word om die staat so sterk as moontlik te maak. In feite het dit beteken dat die land so ryk as moontlik gemaak moet word en in die opsig is daar geen perke aan staatsinmenging in alle fasette van die samelewing gestel ten einde dié doelwit te bereik nie. Hieruit dateer die opkoms van die nasionalisme, wat later tot soveel militêre botsings tussen die Europese lande gelei het. Met die doel om die rykdom van die staat uit te brei en daarvoor nuwe bronne van rykdom te ontdek, is daar koloniale ryke opgebou en volg daaruit die koloniale wedywing. Op die wyse word Suid-Afrika en verskeie nuwe wêrelddele, soos Australië, Nieu-Seeland en die Verenigde State van Amerika onder die Wes-Europese invloedseer gebring en spruit daaruit die blanke vestiging in hierdie wêrelddele voort. Die blankes wat hulle in hierdie gebiede gevestig het, het daarna as die instrument gedien om die Europese lewenswyse en lewensuitkyk na hierdie nuwe wêrelddele oor te dra en as aansluitingspunt te dien vir die oordrag na hierdie wêrelddele van die ontwikkelings op die verskillende terreine in die Wes-Europese lande.

Die Merkantilisme het 'n belangrike stempel op die ekonomiese en sosiale denkwys van daardie tyd uitgeoefen. Die feodalisme met sy geslote sosiale groep vormings, word nou geleidelik deur die meer onpersoonlike individualisme vervang, en daar word dus gepraat van die vrywording van die menslike gees. Die uitgangspunt was dat die individu ook sy bydrae moes lewer om die staat sterk en ryk te maak. Waar die winsmotief voorheen as oneties en onchristelik beskou is, word daar nou deur skrywers soos Weber daarop gewys dat die moderne kapitalisme inderdaad op die Calvinistiese leerstellings gegrond is, en dit die taak van die individu is om vlytig in sy werk te wees en spaarsaam te lewe. Hierdie basiese beginsels is die spil waarom die moderne volkshuishou-

ding draai. Waar die landbou voorheen die oorheersende rol op die ekonomiese en sosiale terrein van die samelewing gespeel het, word die aksent nou na die nywerheid, die handel en die finansiering verskuif — soos dan ook so duidelik in die geskiedenis van Suid-Afrika gedemonstreer word.

Met die koms van die Industriële Omwenteling in Brittanje teen die einde van die 18e eeu en vanweë die behoefte aan vryer internasionale mededinging, kon die Merkantilisme nie voortbestaan nie. In Frankryk het die Fisiokrate, as 'n teenreaksie teen die Merkantiliste en omdat hulle gedagtegang die Franse nood van die tyd weerspieël het, verklaar dat staatsinmenging in die vryheid van die individu en in die ekonomiese lewe beperk moet wees. Hulle was dus voorstanders van die beleid van laissez-faire, d.w.s. van die laat-maar-gaan-beleid. Dit was die begin van die liberalisme. Die Fisiokrate het die landbou as die enigste bron van rykdom geag, terwyl alle ander aktiwiteite as onproduktief beskou is.

Hoewel Adam Smith ook deur die Fisiokrate in sy denkwysse beïnvloed is, was hy eintlik die grondlegger van die liberalistiese denkrigting soos ons dit vandag ken. Hy het, net soos die Fisiokrate, aan die natuurlike orde geglo. Hy was 'n hartstogtelike voorstander van die vryheid van die individu en het die staat se funksies daarin gesien dat dit alleen verantwoordelik moet wees vir die administrasie van wet en orde sowel as vir verdediging en vir die voorsiening van staatswerke, soos die ekonomiese en sosiale infrastruktuur wat noodsaaklik is vir ekonomiese ontwikkeling. Sy standpunt was dat die opheffing van al die staatsbeheer, soos t.o.v. die internasionale handel, nie ekonomiese chaos tot gevolg sou hê nie, aangesien die mens hom deur 'n onsigbare hand laat lei om sy belange te bevorder en in dié proses bevorder elkeen die belang van die gemeenskap. Hy het ook groot klem op arbeidspesialisasie gelê en nie die klem op die landbou geplaas soos die Fisiokrate nie.

As teenvoeter vir die individuele winsstrewe van die kapitalistiese stelsel, met sy sogenaamde uitbuiting van die werke-massas, het die Kommunisme teen ongeveer die middel van die 19e eeu ontwikkel. Hier besit en bestuur die staat alles. Ek wil nie verder op die saak ingaan as om op die teenstelling in die kapitalistiese en kommunistiese stelsels te wys nie. Die

kapitalistiese stelsel is vandag nog oorwegend die aanvaarde ekonomiese norm in die Westerse beskawing, hoewel die staat sedert die einde van die 19e eeu, maar veral sedert die Groot Depressie, vanweë sy verantwoordelikhede en eise t.o.v. volle indiensneming, 'n hoë tempo van stabiele ekonomiese groei, prysstabiliteit, betalingsbalansstabiliteit, e.d.m. verplig was om met behulp van sy verskeie beleidsinstrumente meer in die ekonomiese lewe van die betrokke lande in te gryp. Aan die een uiterste is daar die Verenigde State van Amerika wat as die bolwerk van die stelsel van vrye ondernemingsgees beskou word, terwyl die kommunistiese lande, met hul sentraalbeheerde ekonomieë, die ander uiterste vorm. Tussen dié twee pole is daar 'n hele aantal lande met verskillende mengsels van staats- en private ondernemings. Met die uitsondering van die huidige Wes-Duitsland, is Suid-Afrika waarskynlik egter nader aan die Amerikaanse model as enige ander land.

Individualisme

Individualisme is die kenmerk van die Westerse kultuur. Daar is dus nie langer daardie sterk *groepsgebondenheid* soos daar gewoonlik in die tradisionele gemeenskappe in die ontwikkelde lande of streke aangetref word nie, maar in die plek daarvan kry ons die meer *onpersoonlike* samelewing en sakewêreld. In die Westerse kultuur wil en moet elke individu sy eie heil in die gemeenskap uitwerk en sy suksesse of mislukkings is nie die van die gemeenskap waarin hy leef nie. Hierdie individualisme van die Westerse lewensbeskouing is van belangrike betekenis vir ekonomiese ontwikkeling, aangesien dit die wil om te oorwin en te presteer daarstel. As 'n Westerse individu volwasse is, moet hy sy eie materiële welvaart uitwerk; geniet hy sy sekere wetlike bevoegdhede en moet hy sy eie loopbaan uitbou. In dié opsig is hy betreklik vry van tradisie, ouerlike beheer en gemeenskapseise. Daar is 'n dryfveer om ekonomiese mag te bekom — want ekonomiese sukses is 'n belangrike status-simbool en magsfaktor in die Westerse samelewing. In hierdie opsig is daar van land tot land natuurlik graadverskille in die eienskappe van die Westering. Terwyl die Brit byvoorbeeld geneig is om besondere klem op politieke vryheid en gelykheid te lê, is die Amerikaner weer meer begaan oor ekonomiese en sosiale gelykheid en vryheid.

Daarby het die Duitse werker weer meer dissipline en werkywer as byvoorbeeld die Britse werker, sodat sy produktiwiteit aansienlik hoër is. Terwyl die klasseverskille 'n belangrike rol in die Engelse lewenswyse speel, verwerp die Amerikaners dit. Waar die sosiale gebruike en tradisies by die Engelse ingeburger is, ontbreek dit weer by die Amerikaners. Vanweë Suid-Afrika se noue ekonomiese, kulturele en politieke bande met Brittanje oor 'n tydperk van ongeveer 150 jaar, volg dit dat die Britse lewenswyse sy invloed, veral t.o.v. die blankes, noodwendig ook hier moes laat geld het.

By die nie-blankes is die individualisme en selfbeskikkingsreg in die algemeen nêrens so sterk as by die Westerling ontwikkel nie. By hulle is die individu nog nou gekoppel aan die familie, sy omgewing en gemeenskap en is die individu nie aan die *onsekerheid*, wat 'n belangrike dryfveer in die optrede van die Westerling is, van die kapitalistiese stelsel blootgestel nie. In hierdie verband is Hsu¹⁾ se kommentaar: „Human beings who are completely secure are the dead and buried”. Die sosiale versekering van die welvaartstaat wat in die naoorlogse tydperk so sterk wortel in verskeie Wes-Europese lande geskiet het, is dan ook geleidelik besig om hierdie dinamiese element in die ekonomieë van hierdie lande te ondermyn. Die stadium het reeds in 'n land soos Brittanje aangebreek waar die volk in 'n mate besig is om op sy geakkumuleerde bates te teer, terwyl daar dieselfde probleme ondervind word om die arbeidsmag vir produktiewe werkverrigting te motiveer soos wat in die onderontwikkelde lande die geval is — vandaar die chroniese ekonomiese probleme van dié land.

Ontwikkelende lande

In die algemeen het die eeuelange invloed van die Weste, met enkele uitsonderings soos in die geval van Japan, nog nie daarin geslaag om sy ekonomiese aktiwiteite en ondernemingsgees op die sienswyse en gewoontes van die nie-blankes oor te plaas nie. Die Westerse organisme van finansiering, handel en produksie bly meesal vir hulle nog iets vreemd. Waar dit wel ingevoer is, is dit nietemin in die dinamiese instrumente vir ekonomiese ontwikkeling waaraan ons in die Weste gewoond is nie. Dit is om hierdie rede dat die Westerse lande soveel geld en mannekrag in die vorm van buitelandse

bystand in die onderontwikkelde gebiede bestee in 'n poging om hierdie lande op 'n fase van volgehoue ekonomiese groei te loods.

In die tradisionele ontwikkelende ekonomie is die produksie en verbruik in die *huishouding* gekonsentreer. Arbeidspesialisasie word dus nog nie beoefen nie. Feitlik die hele gemeenskap is gewoonlik nog aan die landbou verbonde, terwyl private kapitaaltvorm, die maatskappyondernemingsvorm en die gebruikelike Westerse institusionele instellings oor die algemeen ontbreek of swak ontwikkel is. Die behoeftes van so 'n gemeenskap is sosiaal liewers as ekonomies. Die winsmotief ontbreek meesal nog, terwyl hulle reaksie op ekonomiese impulse dikwels nie rasioneel volgens Westerse norme is nie. As die pryse van 'n produk styg, sal hulle byvoorbeeld moontlik nie meer nie, maar minder daarvan produseer omdat hulle tevrede is met 'n bepaalde inkomstepeil vanweë hulle beperkte behoeftes, teenoor die Westerling se onbeperkte behoeftes. Soos die lewenstandaard van die nie-blankes styg, verhoog dit ook hulle aanwaskoers, terwyl die reaksie in die Westerse lande slegs omgekeerd is. Meer sulke voorbeelde kan genoem word. Die probleem is nie alleen om groter behoeftes by hierdie volkere — byvoorbeeld deur middel van buitelandse bystand — te skep nie, maar om hulle te wys op die verband tussen die bevrediging van hierdie behoeftes en hulle bereidwilligheid om te werk, te spaar en risiko's te neem en op die wyse hierdie geskepte behoeftes in volgehoue ekonomiese groei om te sit.

Daar is gewoonlik vier soorte sosiologiese hindernisse in die tradisionele gemeenskappe wat in die weg van ekonomiese ontwikkeling staan, te wete:

- a. die feit dat die voordele van te spaar, te belê, te werk en die grootte van die gesin te beperk oor die gemeenskap versprei word en nie tot die werker en sy eie huishouding nie;
- b. die min geleentheid vir die ondernemingsgees van die entrepreneur;
- c. die gebrek aan risikonemende pogings; en
- d. die hoë bevolkingsaanwas.

Die gebondenheid van die tradisionele gemeenskap aan die grond; die feit dat daar te veel persone aan die landbou ver-

bonde is; die swak geletterdheid en gebrek aan opleidingsfasiliteite; die bevolking se bygelowe; e.d.m. is dus almal faktore wat die moontlikheid van ontwikkeling vertraag. Dit is daarom belangrik om die geestelike lewensbeskouing van die nie-blanke ten opsigte van werk en die genietinge van die lewe te beïnvloed ten einde sy aktiwiteite van die nie-kommersiële na die kommersiële te kanaliseer. Kulturele faktore wat stimulerend vir ekonomiese groei is, soos die bevordering van besparing, die benutting van die land se hulpbronne en die beskikbaarstelling van arbeid, moet dus aangemoedig word. Daar is verskeie kulturele faktore wat die beskikbaarheid van arbeid beïnvloed, soos die feit of die werkers bereid is om te werk indien en soos daar werkgeleentheid geskep word. Is die werkers bereid om na die plek waar die werk beskikbaar is te verhuis en sal hulle bereid wees om vaste werkure te handhaaf — omstandighede wat vir die tradisioneelgebonde gemeenskap almal nuut is? Die kern van die saak is om dieselfde *onsekerheid* wat daar in die ontwikkelde lande bestaan, ook in die ontwikkelende lande te skep. Dit is egter nie so 'n maklike taak nie. Dit het die Europese nasies 10 eeue of meer geneem om hierdie individualistiese lewensbeskouing daar te vestig. Daar kan dus nie verwag word om dit binne 'n bestek van jare of selfs dekades in die ontwikkelende lande te skep nie. Die Russe het wel daarin geslaag om hierdie onsekerheidselement in hulle ekonomiese lewe in te voer, maar i.p.v. om die stelsel van eersgeboortereg in te stel, soos die Japannese gedoen het (wat dus beteken dat die oudste seun alles erf, terwyl die ander kinders in die gesin moet uitspring om vir hulle 'n bestaan te vind), het hulle kollektivisme en nasionalisasie ingevoer. In die plek van individualisme het die Russe die geheime polisie en wedersydse waaksaamheid gestel. Hierdie metode werk daar, omdat die individu hom met die staat identifiseer.

Demokratiese beginsels

Soos reeds daarop gewys, sou dit verkeerd wees om te beweer dat die staat in die Westerse ekonomieë bloot 'n passiewe rol in die ekonomiese ontwikkeling van hierdie lande speel. Daar word dikwels beweer dat 'n kombinasie van staatskontrole en private inisiatief 'n goeie metode is om die nodige kul-

turele voorwaardes in 'n land vir ekonomiese ontwikkeling te skep, aangesien daar op dié wyse verhoed kan word dat die lang historiese proses van die kapitalistiese stelsel of die negatiewe benadering van die Kommuniste vir dié doel gebruik hoef te word. Dit vereis natuurlik dat die inwoners van die land nie vyandig teen so 'n ontwikkelingsbeleid moet wees nie en dat die regering stabiel moet wees. Op die oomblik is die kolonialistiese era besig om sy laaste stuiptrekkings te gee, sodat die meeste onderontwikkelde lande reeds oor hulle eie selfstandige regerings beskik. Een van die eerste dinge wat sulke regerings gewoonlik verlang, nie alleen omdat dit as 'n statussimbool dien nie, maar ook omdat daar op dié wyse geld geskep kan word vir die finansiering van die staatsuitgawes wat nie uit belastinge gefinansier kan word nie, is 'n sentrale bank. Op dieselfde wyse word daar vir ontwikkelingsdoeleindes gegryp na industrialisasie, die simbool van die mag van die Weste. Hoewel die regerings van hierdie lande graag die vrugte van die industrialisasie wil pluk, is hulle egter nog nie gereed vir die sosiale en sielkundige veranderings wat daarmee gepaard gaan nie.

Hierdie ontwikkelende lande streef na mag, prestige, waardigheid, respek en gelykheid. Die Westerse tradisies en ekonomiese instellings is die resultaat van 'n ewolusie oor eeue, wat nie onveranderd na die ontwikkelende lande oorgeplaas kan word nie. Deur die demokratiese stelsel van een man een stem in te voer, bring dit mee dat die hele bevolking indirek 'n invloed op die toewysing van hulpbronne kan uitoefen en dat hulle op dié wyse die proses van modernisering kan bevorder — deur byvoorbeeld die individu die gevoel te gee dat hy kan meehelp om toestande te verander en die nasionale eenheid te bevorder. Te dikwels is dit egter by hierdie jong lande wat onafhanklik word die ondervinding dat hulle denkbeeldige gevoel van nasionale eenheid maar 'n illusie is, want spoedig tree die ou etniese, taalkundige, godsdienstige en stamlojaliteite, na onafhanklikheid verkry is, weer met hernude ywer na vore. Spanning ontstaan, wat dikwels tot botsings aanleiding kan gee. Daarom is 'n federale staatsvorm in die reël vir hierdie lande verkieslik — veral indien die ekonomiese verskille tussen die streke waarin die onderskeie rasse woon te groot is. Andersyds kan daar klein elite-groepe wees

wat die regerings vorm en dus veranderings, wat hulle magsposisie, status en lewensbestaan mag aantast, opponeer. Enige moderniserings moet geleidelik ingevoer word, sodat die bevolking dit kan absorbeer. Elke nuwe geslag word in 'n nuwe sosio-ekonomiese kultuur gebore, wat die aanpassingsproses in die laer stratum vergemaklik.

Ten einde die demokratiese stelsel te aanvaar, moet die nie-blankes bereid wees om opposisie te aanvaar en by die besluite van die meerderheid te berus. Meesal is dit egter nie die geval nie. Die beginsel word nog nie aanvaar om 'n regering volgens sy bepaalde beleid te verkies nie. Dit gaan dus meer oor persoonlikhede as beleide. In hierdie omstandighede word daar dikwels beweer dat hierdie lande ekonomies kan ontwikkel alleen deur die een of ander vorm van diktatorskap. Waar die individuele ondernemingsgees ontbreek, sal die staat deur vasbeslote leierskap vergoed. Wat in die vorm van kapitaal te kort skiet, sal die staat uit sy inkomste of buitelandse bystand of lenings moet voorsien. Waar die doeltreffendheid laag is, moet die staat deur streng beplanning en beheer daarvoor vergoed. Die voorwaarde is natuurlik dat die diktator of despoot ekonomiese ontwikkeling moet voorstaan en nie al die staat se geld aan onproduktiewe prestige-projekte bestee nie. In hierdie eenpartystate waar die opposisie verwyder word, ontstaan die teenreaksie gewoonlik binne die party, wat dan eenvoudig deur sameswering, gewoonlik in medewerking met die polisie en leer, op 'n geleë tydstip die regering omverwerp en self regeer totdat die proses hom herhaal.

In die ontwikkelde lande is die wetlike stelsel sodanig ontwikkel dat dit ekonomiese groei bevorder. Is dit in die ontwikkelende lande geskik vir industriële ontwikkeling en die groei van stedelike gemeenskappe? In die algemeen is die regstelsel in hierdie lande meer toestemmend en vaderlik t.o.v. ekonomiese ontwikkeling as wat dit bevorderlik daartoe is.

Onderwys en opleiding

Daar is die neiging by die ontwikkelende lande in Afrika om tans groot klem op die onderwys te lê. Onderwys op sigself is egter nie in staat om 'n land ekonomies te ontwikkel tensy dié proses reeds aan die gang is en die mense die nut

daarvan besef nie. Dit help nie om deur onderwys verwagtings te skep wat nie bevredig kan word nie. Opgeleide kantoorwerkers verwag kantoorwerk en is onwillig om handarbeid te verrig. Opgeleide werktuigkundiges verlang masjiene. Indien die gemeenskap nie die nodige werkgeleentheid vir hierdie persone kan voorsien nie, moet dit frustrasie en moontlike onrus te wagte wees. Soos die ekonomie ontwikkel en daar die werkgeleentheid vir opgeleide werkkragte geskep word, sal doelgerigte opleiding natuurlik baie daartoe bydra om hierdie ontwikkeling aan te help. Op sigself is onderwys egter nie die Utopia vir ekonomiese ontwikkeling in die onderontwikkelde lande soos wat dit dikwels voorgelê word nie.

Veranderde beskawingspeile

Soos die beskawingspeil van 'n land verander, skep dit nuwe ekonomiese eise en behoeftes. Deur die demonstrasie-effek, hetsy deur persoonlike kontak of televisie, die bioskoop, die radio of die pers, word die lewenswyse van die mens beïnvloed — dit geld veral van die nie-blankes wat op dié wyse in nouer kontak met die Westerse lewenswyse gebring word. Deur massa-advertensies word daar voortdurend gepoog om die verbruikerspatroon van die publiek te beïnvloed. Hierdie aspek moet noodwendig 'n belangrike uitwerking op die smaak en koopgewoontes van nie alleen die nie-blankes nie, maar ook van die blankes hê.

Uit die voorgaande oorsig is dit duidelik dat al twee hierdie uiterste vorms van ekonomiese ontwikkeling, kultuur en gemeenskappe in Suid-Afrika verenig is. Via die blanke nedersetting aan die Kaap is die Europese lewenswyse na Suider-Afrika oorgeplaas, sodat die Europese lewenswyse 'n vastrapplek in die Afrikaanse kontinent verkry en 'n belangrike invloed op die beskawingspeil van die nie-blankes alhier uitgeoefen het. Gedagtig aan die probleme wat die nie-blankes in die res van Afrika ondervind om ekonomies te ontwikkel, is dit duidelik dat die nie-blankes in Suid-Afrika, vanweë die stabiele regering in die land, die gevorderde en verligte regstelsel, die positiewe maatreëls en gunstige klimaat om ontwikkeling te stimuleer, die opleidingsfasiliteite wat daar vir die nie-blankes beskikbaar is, die werkgeleentheid wat daar vir hulle geskep word en die leiding en voorligting wat hulle

op alle terreine van die blankes ontvang, in 'n baie gunstige posisie verkeer om die menslike hindernisse te oorwin wat in die pad van die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede staan en vir die opheffing van die nie-blankes in die algemeen. Nogtans moet ons besef dat dit 'n veeleisende en stadige proses is en moet ons waak om in ons ongeduld om resultate te sien, nie die pas te vinnig te wil forseer nie.

Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding

Soos reeds gemeld, het Suid-Afrika 'n dualistiese volkshuishouding. Die blanke ekonomie, hoewel dit nie deurgaans tot dieselfde mate ontwikkel is nie, vorm hoofsaaklik die mark of geldeconomiese gedeelte van die land, terwyl die Bantoegebiede oorwegend die tradisioneel inheemse of die nie-geldeconomiese gedeelte daarvan vorm. Elkeen het sy eie sosiale en kulturele organisasies. In die bestaanssektor produseer die Bantoes nog hoofsaaklik vir hul eie gebruik — hoewel daar ook 'n mate van ruilhandel plaasvind. Op die oomblik word daar egter gepoog om met behulp van ontwikkelingsplanne hierdie gebiede ekonomies te ontwikkel ten einde die nodige werkgeleentheid vir die Bantoe aldaar te skep.

Suid-Afrika is ook 'n land met 'n veelvoudige sosiale struktuur, soos blyk uit die feit dat die blankes 19% van die bevolking uitmaak, teenoor die Kleurlinge se 9%, die Indiërs se 3% en die Bantoes se 69%. Daar is dus verskillende gemeenskappe in die land — elk met sy eie kultuur. Die sosiale stelsel van die blankes is die mees gevorderde in Suid-Afrika en is van oorsee ingevoer — hoewel dit met die verloop van tyd natuurlik 'n tipiese Suid-Afrikaanse karakter ontwikkel het. Daar is dus die botsing tussen die ingevoerde moderne sosiale stelsel met die inheemse sosiale stelsel. Die ingevoerde stelsel is gebaseer op die kapitalisme, terwyl die inheemse tradisionele ekonomiese stelsel eintlik nog in die voor-kapitalistiese fase verkeer. Ekonomie soos Boeke is pessimisties insake die moontlikhede vir die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die tradisionele bevolkings ooreenkomstig die Westerse wyse. Hy verklaar dat: „At best these efforts are likely to be abortive; at worst, they may hasten retrogression and decay”.²⁾ Dit is moontlik bietjie skerp gestel, maar dit beklemtoon die omvang van die probleem waarmee ons te kampe het en hoe versigtig

ons moet wees in ons ongekwalifiseerde toepassing van die Westerse beginsels, gebruike en tradisies op die nie-blanke van Afrika. Dikwels is dit die ondervinding dat die Westerse invloede die leidende klasse van hierdie tradisionele gemeenskappe wegtrek, sodat die oorblywende massa die dinamiese en ontwikkelende element verloor waaroor hulle beskik het, met die gevolg dat hulle kultuurontwikkeling staties bly.

In 'n veelvoudige sosiale gemeenskap soos Suid-Afrika, is die ekonomiese magte geneig om spanning tussen die verskillende bevolkingsgroepe met hulle konkurrerende belange te skep, aangesien hulle nie 'n homogene volk vorm nie. Die verskillende rassegroepe meng in die arbeidsveld, maar kombineer nie in 'n eenheid nie. Die probleem is dus om hierdie verskillende rassegroepe, met hulle verskillende sosiale, kulturele, godsdienstige en politieke oriëntasies, in staat te stel om goed genoeg met mekaar oor die weg te kan kom ten einde voortdurende onderlinge twis en wrywing te voorkom — wat andersyds natuurlik ekonomiese ontwikkeling sal benadeel. Die Suid-Afrikaanse regering implementeer tans sy beleid van afsonderlike ontwikkeling om vir hierdie probleme 'n oplossing te probeer vind, en daar word dus nie gedink of opgetree in die rigting van wedersydse assimilasië nie. In dié verband was Suid-Afrika nie so gelukkig soos die Amerikaners om aan 'n gemeenskap te behoort wat vry gebore is (born free) en wat gevolglik nie nodig gehad het om te stry teen die houding, waardes en instellings van 'n sterk inheemse tradisionele gemeenskap nie. Hulle het, net soos die Australiërs, eenvoudig die inheemse rasse voor hulle weggegee.

Suid-Afrika se verskillende stadia van ekonomiese ontwikkeling

Vir die doeleindes van die bepaling van die ekonomiese invloede op die Suid-Afrikaanse beskawingspatroon, is dit gerieflik om gebruik te maak van Houghton³⁾ se indeling van die verskillende ontwikkelingsstadia wat Suid-Afrika — gebaseer op die vyfstadiummodel van Rostow — sedert 1652 deurgemaak het.

(a) *Die tradisionele gemeenskap (1652—1820):*

Die kenmerk van so 'n gemeenskap is dat dit op die voor-Newtonse wetenskap, tegnologie en houding teenoor die fi-

siese wêreld waarin ons leef gebaseer is. (Newton het van 1642 tot 1727 geleef). Hoewel Van Riebeeck 'n tydgenoot van Newton was, moet daar egter in gedagte gehou word dat dit nooit sy of die Oos-Indiese Kompanjie se bedoeling was om doelbewus 'n gemeenskap aan die Kaap te vestig met die oog op die sistematiese ontwikkeling van dié gebiede nie. Die Kaap is eenvoudig slegs as 'n gerieflike halfweghuis vir die Kompanjie se handel met die Ooste gesien. Geen poging is aangewend om die Newtonse gees van wetenskaplike ondersoek en innovasie aan die Kaap toe te pas nie.

Ten einde genoegsame voedsel vir die besoekende skepe te produseer, het die Kompanjie in 1657 nege van sy amptenare, wat feitlik geen landboukennis gehad het nie, toegelaat om hulle as vryburgers op klein plasies te vestig. Hulle produkte moes teen vasgestelde pryse aan die Kompanjie verkoop word en geen private handel met die Hottentotte of met besoekende skepe is toegelaat nie. In die verdere geskiedenis van die Kompanjie aan die Kaap was daar 'n voortdurende stryd teen sy monopolie, wat die arm vryburgers se magtelose posisie ten volle uitgebuit het. Ondanks die beperkings wat die Kompanjie op die uitbreiding van die gevestigde boeregemeenskap aan die Kaap probeer uitoefen het, het dit nietemin toegeneem en in 1688 reeds sowat 600 beloop. In 1689 is hierdie gemeenskap aan die Kaap met 200 Franse Hugenote versterk. Hierdie aankomelinge, met hulle geskooldheid en nuwe bedrywe, is geheel in die bestaande blanke gemeenskap opgeneem.

Hierdie eerste vryburgers het erg mank aan 'n gebrek aan kapitaal en arbeid gegaan. Daar is gevolglik grootliks van ingevoerde slawe as 'n bron van arbeid gebruik gemaak en teen 1795 was daar soveel as 18,000 van hulle aan die Kaap. Hieruit, aangevul deur die Hottentotte, het die Kleurlingbevolking ontstaan wat vandag nog hoofsaaklik tot Wes-Kaapland beperk is. Uit die staanspoor is daar dus probleme ondervind om die nie-blankes te oorreed om hulle arbeid vir die ontwikkeling van die land beskikbaar te stel. Die nie-blankes het op dié stadium nog 'n nomadiese bestaan gevoer en met hulle vee na die beste weivelde beweeg soos die reëngordels verskuif het. Die akkerverbouing wat daar nog was, is deur die Bantoevroue verrig. Die Bantoeman was in die eerste instansie

'n impi wat sy dapperheid en vaardigheid op die jag- en slagveld moes toon. Hy het voorlopig nog nie kennis of belang by die verhuring van sy arbeid gehad nie. Sommige geskiedskrywers beweer dat die instelling van belastings op die nie-blankes, sowel as die invoering van die passtelsel, juis bedoel was om die Hottentotte en later die Bantoe te forseer om sy arbeid aan die blankes te verhuur en dus die gewoonte van arbeidsaamheid aan te leer. Om die gebrek aan arbeid te midde van die oorvloed te oorkom, moes daar in 1860 Indiërs van Indië ingevoer word — 'n beleid wat eers in 1911 gestaak is — om op die Natalse suikervelde te kom werk. Vandag woon 83 persent van Suid-Afrika se Indiërs nog in dié provinsie. Insgelyks is daar in 1904 Chinese ingevoer om in die Transvaalse goudmyne te kom werk. Hierdie Chinese is met 'n klein uitsondering egter weer in 1910 teruggestuur. Daar word nietemin vandag nog steeds van groot hoeveelhede vreemde Bantoe in die goudmynbedryf gebruik gemaak. Hoewel die Kompanjie dit probeer verhoed het, het die vryburgers geleidelik die grens van die gemeenskap aan die Kaap verder na die binneland in die rigting van Oos-Kaapland verskuif en onwettig met die Hottentotte begin handel dryf. Simon van der Stel het die moontlikheid van 'n blanke vestiging aan die Kaap ingesien en die Kompanjie daartoe probeer oorreed — maar nie veel sukses gehad nie. Na 1707, toe Willem A. van der Stel ontslaan is, was die Kaap feitlik nie langer in die hande van die Here Sewentien nie. Klein soos die blanke bevolking aan die Kaap aan die begin van die 18e eeu was, het dit nietemin reeds sy eie karaktertrekke begin openbaar — karaktertrekke wat van die moederlande in Europa afkomstig was, maar deur die plaaslike omstandighede so hervorm is dat hieruit later die Afrikaner gebore is wat, hoewel hy 'n Europeaan van oorsprong was, nietemin nòg Duits, nòg Frans, nòg Nederlands was. Van dié tyd af was hulle aspirasies en pogings dié van manne en vroue wat aan Suid-Afrika behoort, en het hulle dan ook 'n belangrike rol in die verloop van die land se sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling gespeel.

Die Kompanjie het die fout gemaak om die Wes-Europese landbouproduksie na die Kaap te probeer oorplaas. Dit het baie probleme vir die vryburgers opgelewer. Hulle oorskakeling van kleinskaalse akkerverbouing na pastorale boerdery, wat

steeds verder na die Oosgrens — op soek na meer en beter weivelde — uitgebrei het, was egter 'n bewys dat die vryburgers die Europese landbougewoontes laat vaar het en daarin geslaag het om hulle lewenswyse by die van hulle nuwe vaderland aan te pas. Waar die ontwikkelingsproses in Wes-Europa van die jag na pastorale boerdery en daarvandaan na 'n gevestigde landboulewe was, was dit in die geval van die vryburgers net die teenoorgestelde. Hulle het geleidelik van die produksie van kontantgewasse na bestaansproduksie oorgeskakel, omdat die Kompanjie se aankoopvoorwaardes vir produkte te ongunstig was. Deur minder te boer en meer te jag, meer te ruil en minder te koop, het die grensboere se lewenstandaard uiteindelik gedaal tot die peil van die dorstige land waarop hulle gewoon het — want dit moet onthou word dat Suid-Afrika basies 'n arm landboulend is en dat die reënval oor groot dele van die land baie onbetroubaar is.

Daar was egter geen nut vir die vryburgers om goeie boere te wees nie, omdat daar nie 'n mark vir hulle produkte was nie. Hulle kon die ivoor en velle van die jagveld gebruik om by die smouse hulle dringendste benodigdhede soos koffie en suiker te ruil. Hierdie grensboere het, gebuk onder die Kompanjie se beperkings, die latere inperking van hulle vryhede deur die Britse regering en die onvermoë van die Britse goewerneurs om hulle teen die plunderende Bantoes te beskerm, 'n hunkering na lewensruimte ontwikkel. Die geografie en klimaat van hierdie gemeenskap se nuwe vaderland het sy stempel onuitwisbaar op hulle karakter en fisiese voorkoms afgedruk. Dit het hulle die gehardheid en moed gegee om met hulle perde, gewere en waens — wat hulle 'n groot voorsprong bo die nie-blankes gegee het — die aanslae van die Bantoes, die rooftogte van die wilde diere, die siektes, plae, storms, ontberings en droogtes, wat deel van hulle lewe geword het, suksesvol te trotseer en 'n nuwe nasie in die binneland te gaan vestig. Hulle het gehunker na *individuele* vryheid en 'n afkeer van enige vorm van beheer ontwikkel, wat onderlinge samewerking onder die beste omstandighede uiters moeilik gemaak het. Hulle lewenswyse aan die grens het die burgers 'n hardnekkigheid in strewe gegee, die krag van stille uithouvermoë en 'n vurige selfrespek. Selfs in hierdie primitiewe omstandighede was die kultuur van die blankes

nog soveel hoër as dié van die inheemse rasse, dat lg. as minderwaardig beskou en behandel is. Hierdie houding en die vastigheid van karakter het verhoed dat die blankes, veral toe hulle later in die geïsoleerde binneland ingetrek het, deur die Bantogemeenskappe geabsorbeer word.

Aan die Kaap het die konstitusionele en politieke ontwikkelings 'n betreklike sekondêre rol tot aan die einde van die 18e eeu gespeel. In plaas van om vir hulle politieke vryhede te veg, moes die burgers al hulle tyd en energie bestee om hulle by die land aan te pas en 'n bestaan te kan voer.

Soos die grensboere ooswaarts beweeg het, het hulle in hulle jagtoge in 1702 die eerste keer kontak met die Bantostamme gemaak wat besig was om suidwaarts te beweeg. Die nie-blankes aan die Kaap het geen geskrewe taal gehad nie. Private eiendomsbesit, die basis van die kapitalisme, was vir hulle iets onbekends. Hulle het, omdat hulle net soos die burgers wat steeds ooswaarts getrek het ook hoofsaaklik veeboere was, eenvoudig agter die beste weivelde en beskikbare waterbronne aangetrek. Onvermydelik moes daar dus voortdurende onderlinge botsings volg. Bygeloof en toordery het 'n belangrike rol in die lewe van die nie-blankes gespeel, terwyl produkte soos tee, koffie, suiker, sout, e.d.m. nog vir hulle onbekend was. Hoewel die blankes in Suid-Afrika die nie-blankes uiteindelik onderwerp het en die Christelike geloof onder hulle versprei het, kon hulle nie die inheemse rasse voor hulle wegvee soos die Amerikaners en Australiese nedersetters gemaak het nie. Daarvoor was hulle getalle teen die groot nie-blanke oorwig in elk geval te klein. Die gevolg was dat daar verskeie sosiale gemeenskappe, elk met sy eie kultuur, in die land gevestig is. Die kultuur van die Kleurlinge moet egter as 'n aanhangsel van dié van die blankes beskou word.

(b) *Die oorgangstydperk (1820—1933):*

Hierdie oorgangsfase voordat die Suid-Afrikaanse ekonomie hom kon voorberei op 'n tydperk van volgehoue ekonomiese groei, behels die verswakking van die tradisionele gemeenskap ten einde meer geleentheid vir die koms van persone met ondernemingsgees en vir die verspreiding van die onderwys te bied. Dit vereis ook die skepping van die nodige infrastruktuur, soos paaie, vervoerfasiliteite, bankinstellings,

e.d.m., terwyl daar 'n sentrale regering in die land geskep word met 'n doeltreffende administrasie. In kort, 'n moderne staat moet in wording wees. Dit is natuurlik essensieel dat so 'n gemeenskap ekonomiese groei moet verlang en dit probeer bevorder. Hierdie voorvereistes vir volgehoue ekonomiese groei is in Wes-Europa in die laat 17e en die vroeëre 18e eeu geskep. Die industriële rewolusie het die eerste in Brittanje gekom, omdat hy die eerste land was om aan hierdie vereistes te voldoen.

Die Franse inval in Nederland in 1795 het verreikende gevolge vir die gemeenskap aan die Kaap gehad, want dit het Brittanje beweeg om die Kaap te beset. Vanweë die ontwrigting in sy handel met die Ooste, speel die Oos-Indiese Kompanjie bankrot, en in 1802 neem die Nederlandse regering weer besit van die Kaap. Die Britse belangstelling in die Kaap as 'n strategiese punt vir die beskerming van sy handel met die Ooste was egter geprikkel, en in 1806 neem Brittanje finaal die Kaap in besit. Op daardie stadium was daar sowat 30,000 blankes aldaar. Dit het beteken dat die Kaap nou van die Nederlandse na die Britse invloedssfeer oorgeplaas is — d.w.s. van die Europese vaste land na die Britse eilande. Die Kaap word nou 'n Britse kolonie, met Engels as die amptelike taal.

Die Britse regering was sterk onder die invloed van die liberalisme en filantropie van dié tyd, soos dan ook weerspieël word in al die hervormings wat hulle, dikwels onsimpatiek, op die Kaap begin afforseer het. In 1807 word die slawehandel beëindig; in 1809 het Caledon vereis dat alle arbeidskontrakte geregistreer moet word en dat die arbeiders gereeld lone betaal moet word; in 1828 is die Kleurlinge van die paswette vrygestel en verkry hulle gelykheid met die blankes en in 1834 word die slawe vrygestel. Britse soldate patrolleer nou die grens en probeer om orde daar te skep, deur die gemeenskappe onder die Kaapse wette in te skakel en kontrole oor die eiendomsreg en verwerwing van die grond uit te oefen. Hierdie hervormings was dié van 'n moderne staat. Die vryburgers, wat 'n paar geslagte lank van die Wes-Europese invloed geïsoleer was, het egter op die wyse van tipiese tradisionele gemeenskappe daarop gereageer en later in groot getalle die binneland ingetrek, liewers as om hulle by hierdie eise aan te pas wat dikwels — op grond van die besondere

plaaslike omstandighede — onbillik was en nie taktvol ingevoer is nie. Soos reeds gemeld, was die Engelse, onder die invloed van die liberalisme, besonder gesteld op die politieke vryheid en gelykheid van die individu en het hulle hierdie sienswyse op die blanke plattelandse gemeenskap aan die Kaap probeer afforseer.

Die Engelse het ongetwyfeld ook groter voorspoed vir die Kaap gebring, deur dit beter by die internasionale handel in te skakel en die uitvoer van produkte soos koring, wol en wyn (waarvoor voorkeur in Brittanje *vis-à-vis* die produkte van die Europese Vasteland toegestaan is) aan te moedig, wat dus die mark vir die plaaslike produkte verruim en die invoer van 'n verskeidenheid van verbruiksgoedere moontlik gemaak het. Die klimaat vir ekonomiese ontwikkeling het dus verbeter, veral vanweë die groter getal skepe wat die Kaap besoek het en die aanwesigheid van die Britse garnisoen, ten einde wet en orde te handhaaf. Daar is weer monetêre orde aan die Kaap geskep, deur die waarde van die geld te stabiliseer. In 1848 is die Britse stelsel van mate en gewigte hier ingevoer. Dit is dus duidelik dat die ekonomiese lewe aan die Kaap skerp onder die invloed van die Britse gebruike gekom het.

Hierdie neiging is verder in 1820 aangehelp deur die vestiging van die 5,000 Britse nedersetters aan die Oos-Kaapland in die omgewing van Albanië. Dié gebeurtenis word deur Houghton as die beëindiging van die houvas van die tradisionele gemeenskap op die ekonomiese lewe aan die Kaap beskou. Hierdie immigrante het uit Brittanje verhuis om van die depressie in Europa te wyk, en in die Kaap in 'n ander vorm van depressie beland. Hulle was eintlik die slagoffers van die Britse industriële rewolusie en het aan die era na Newton en Adam Smith behoort. Hierdie stedelike immigrante kon hulle egter nie aanpas by die landbou van hulle nuwe vaderland nie, en teen 1823 het twee-derdes van hulle alreeds na die dorpe verhuis. Hulle vestig hulle dus in die stedelike gemeenskappe, terwyl die burgers (die latere Afrikaners) aan die onstabiele landbou verbonde bly. Na hierdie mislukte poging om Britse immigrante aan die Kaap te vestig, het die Britse immigrante na lande soos Australië, Kanada en Amerika verhuis. Dit was reeds met die ontdekking van diamante en goud in die binneland dat die immigrante van Europa groter

belangstelling geopenbaar het om hulle in Suid-Afrika te kom vestig.

So het dit dan gekom dat daar twee uiteenlopende blanke gemeenskappe in Suid-Afrika ontwikkel het. Hoewel die invloede van die Britse gewoontes en instellings op die samelewing sterk was, was dit nietemin duidelik dat die 150 jare wat die Kompanjie aan die Kaap geregeer het, sy onuitwisbare Nederlandse stempel op die land afgedruk het, want hierdie invloede kon nooit weer uitgewis word nie. Die Engelse immigrante het hulle in die stedelike gebiede gaan vestig en hulle aandag aan die meer winsgewende handel en nywerheid gewy. Hulle was hier 'n gevestigde gemeenskap met skole, koerante, hospitale en 'n plaaslike bestuur wat reeds begin het om paaie, hospitale, spoorlyne, e.d.m. te bou. Daar was dus 'n verskeidenheid van werkgeleenthede tot hulle beskikking.

Daarteenoor het sowat 10,000 Voortrekkers, gedurende die tydperk 1836—1846, die Kaap verlaat en dié gebied dus aan die invloed van die Engelse nedersetters oorgelaat. Soos hulle weggetrek het, het hulle uit die kring van die Europese invloed sfeer beweeg en met hulle nie-literêre en -industriële gewoontes van die 18e eeu tot diep in die 19e eeu geneem. Hulle keer in werklikheid dus weer na 'n tradisionele gemeenskap terug. Op hierdie pioniers het die verpligting geval om die binneland van Suid-Afrika te tem en *die karakter daarvan te bepaal*. As dit van die Engelse invloede alleen afgehang het, sou die geskiedenis van Suid-Afrika nie alleen ingrypend anders gewees het nie — die kans is ook gunstig dat daar dan, onder die invloede van die liberalisme, ten minste 'n doelbewuste poging tot die sosiale integrasie van al die verskillende rasse sou gewees het. Terwyl die Engelse burgers hulle dus bekwaam het om gebruik te maak van die latere geleenthede wat Suid-Afrika sou bied, was die Voortrekkers besig om die binneland vir die Europese beskawing bewoonbaar te maak. Hier is die kiem gesaai vir die latere Armblankevraagstuk.

Die Voortrekkers het nie enige gemeenskappe sistematies in die binneland gevestig nie. Daar was feitlik geen winsmotief in hulle optrede nie. Daar was dus ook geen geleentheid vir kapitaalvorming nie. Die beste was hulle rykdom en die wapad gevolglik hulle woning. Hulle energie, vasberadenheid

en vindingrykheid moes hulle gebruik om staande teen die natuur, die wilde diere en bo alles die Bantoe te bly. Daar was dus geen wet en orde, wat so onontbeerlik vir ekonomiese ontwikkeling is nie.

Suid-Afrika het geen waterweë nie en omdat die afstande so groot was, sonder enige behoorlike paaie, was die handel tot die periodieke besoeke van smouse beperk. Toe die Voortrekkers hulle in Natal gevestig het, met die vooruitsigte van 'n eie hawe, het Brittanje dit as 'n bedreiging vir sy handel met die Ooste gesien en Natal in 1843 geannekseer. Dit forseer die Voortrekkers om na die binneland, met sy onbetroubare reënval, te beweeg en later die twee Republieke daar te stig.

Waar Suid-Afrika tot op hierdie stadium 'n arm landbouland was, het twee gebeurtenisse, naamlik die ontdekking van diamante by Kimberley in 1870 en van goud aan die Witwatersrand in 1886, 'n algehele omwenteling in die geskiedenis, ekonomie, sosiale lewe en kultuur van die inwoners tot gevolg gehad. Vir die Boerebevolking in die binneland was daar tot op daardie stadium net een beroep, naamlik dié van boer. Die Bantoe kon of self boer in die Bantoegebiede, wat in 1913 per wetgewing omskryf is, of 'n landbouarbeider word. Kontantinkomste was min en die boer moes sy arbeid meesal in natura betaal, terwyl hy ook met die grootste moeite sy belastingsverplichtings kon nakom. As 'n seun oud genoeg geword het en sy eie bestaan moes vind, het hy eenvoudig vir hom 'n plaas afgemeet en 'n boer geword. Weldra was daar egter nie meer nuwe grond nie en moes hulle of saam met die vader van die gesin boer totdat elkeen sy eie deel van die grond kon erf, of andersins bywoners by die meer gegoede boere word. Selfs vandag ly Suid-Afrika nog aan die nagevolge in die landbou van die bestaansboerdery en gebrek aan die winsmotief wat daar oor so 'n lang fase in die geskiedenis van die twee Republieke geheers het. Die boerdery is as 'n lewenswyse gesien en nie as 'n onderneming nie. Die gebrek aan ondervinding in die handel en nywerheid, tesame met die afwesigheid van die winsmotief by die Afrikaner, moes dus eers weer uitgewis word.

Die geskiedskrywer De Kieviet het altyd graag aangevoer dat: „South Africa has advanced politically by disasters and economically by windfalls”.⁴⁾ Hierin steek ongetwyfeld groot waarheid. Die Suid-Afrikaanse bevolking word, nou dat die

hulpbronne ontdek is, egter bereid om dit te eksploiteer en hulle doelbewus vir die verhoging van hulle lewenstandaard te beywer. Die ontdekking van Suid-Afrika se mineralerykdomme trek nou die buitelandse immigrante, kapitaal, finansiële instellings en tegniese kennis wat die land sover ontwyk het. In 1871 het Kimberley se totale inwonertal reeds 50,000 beloop en forseer dit die eerste keer die moderne probleme van kapitaal en arbeid op die gemeenskap af. Vanweë die hoë vervoerkoste na die stede, moes die eenheidswaarde van die produkte wat vir uitvoer geproduseer word noodwendig hoog wees. Aan hierdie vereistes het die diamante en goud voldoen. Hulle het inderwaarheid die hele wêreld se aandag op Suid-Afrika gevestig. Dit het ook die middele voorsien om vir die modernisering van die land se vervoer- en kommunikasiestelsels te betaal. Dit het insgelyks sy uitwerking op die landboubedryf gehad, aangesien daar nou die eerste keer 'n binnelandse mark vir landbouprodukte ontstaan het. Dit lui dan ook die kommersialisering van die binnelandse landbou in. Hierdie gebeurtenisse het die ekonomiese lewe in die binneland van die landbou na die landboumynboustruktuur gediversifiseer en die weg gebaan vir die industriële rewolusie wat later hier gevolg het.

By die goudmynbedryf was daar nie plek vir die individuele delwers, soos by die ontginning van die diamante nie. Dit het swaar masjinerie, spoorweë, ingenieurs, tegnisi, wetenskaplikes en 'n groot hoeveelheid kapitaal vereis. Te midde van die plattelandse gemeenskappe in die binneland, het daar skielik 'n moderne industrie ontstaan wat die vraagstuk na behuising, krag (steenkool), arbeid, finansiering, voedsel, e.d.m. geskep het.

'n Nuwe sosiale gemeenskap ontstaan dus. Die verandering was nie geleidelik nie en die ou tradisionele gemeenskap het hulle moeilik hierby aangepas. Onderlinge wrywing, wat hom ook in die politiek openbaar het, moes dus noodwendig volg. Die Boere van die Republieke het aan die veld behoort. Soos De Kieviet dit stel: „Physical courage, skill on horseback, marksmanship and knowledge of the beasts and of the field were attributes that enabled them to live the life of the pioneer. In the town, in an environment of business and industry, other accomplishments were in demand. Their attainments in carpentry and the mason's craft, in tanning and wagon

building, in soap and candle making had been adequate in the unexacting circumstances of farm life, but were below the levels of urban industry. Already handicapped by inexperience, most of them were also handicapped, because the language of commerce and industry was English".⁵⁾

Die oorwegend ongeskoolde, onopgeleide Boer moes, vanweë die gebrek aan geleenthede in die landbou — wat dus die onsekerheidselement in die land se volkshuishouding inbring — hom na die stedelike gebiede begewe om daar 'n heenkome te probeer vind. Vir eers sou hy, met sy hoër lewenstandaard, met die nie-blanke op die ongeskoolde en semigeskoolde terrein vir werk moes meeding. Die Armblankevraagstuk het dus nou 'n sigbare probleem geword en is nog verder deur die Tweede Vryheidsoorlog, vanweë die Britse verskroeide-aardebeleid, die Rebelle van 1914—1918 en veral die Groot Depressie van 1929—1933 vererger. Dit was die begin van die trek na die stede — 'n proses wat nog steeds aan die gang is.

As hierdie nuwe ontwikkelings die tradisionele blanke gemeenskap in die Republiek ontwrig het — soveel te meer geld dit van die Bantoes. Hulle is aan die gesag van die blanke en sy wette onderwerp. Soos al die landbougrond beset is, kon hulle dus ook nie meer verder met hulle beeste — wat nie net 'n bron van inkomste en 'n statussimbool was nie, maar ook 'n kultus — rondtrek nie. Hulle word gevolglik geforseer om by die boere as arbeiders te gaan werk. Met die ontdekking van diamante en goud verhuis hulle in groter getalle na die stedelike gebiede, waar hulle — in teenstelling met die posisie op die plase — vir kontantlone kan werk en dieper in die ekonomiese lewe en sosiale struktuur van die blanke ingetrek word. Deur die Bantoe se tradisionele instellings te vernietig, het dit sy vertroue ondermyn en hom 'n gevoel van minderwaardigheid gegee, aangesien hy begin glo het dat alles van sy eie waardeloos is en in die pad van vooruitgang staan. So het daar geleidelik Bantoe gemeenskappe as aanhangsels van die stedelike gebiede ontstaan, wat met die verloop van tyd heeltemal voeling met hulle stamverwante en tradisionele tuisles verloor het en die Westerse lewenswyse nastreef. 'n Groot deel van die Bantoes werk egter in die stede, maar bly in werklikheid nog in die Bantoegebiede en is dus eintlik migrasiewerkers.

Vanweë die feit dat die burgers van die Republieke dieselfde belange gehad het, was daar geen aansporing vir die vorming van verskillende politieke groeperings nie. Die politiek is dus meer oor persone as oor beleide gevoer. Na die Tweede Vryheidsoorlog het daar egter wel so 'n politieke bedeling gekom. Hoewel die goudmynbedryf groter voorspoed vir die ou Transvaalse Republiek gebring het, het dit ook gedien om die Britse belangstelling in dié gebied te prikkel. Kort nadat die Transvaalse Republiek in 1895 met 'n spoorlyn na Lourenco Marques verbind is — wat die houvas van sentrums soos Kaapstad, Durban en Port Elizabeth om die invoer van die twee Republieke vir inkomstedoeleindes te belas, 'n ernstige knou toegedien het — het Brittanje besluit om die hele Suid-Afrika onder die Britse vlag te plaas. In die Transvaalse Republiek was die stryd dié tussen die burgers en die uitlanders, dié tussen die meer gevorderde kapitalisme en die lewensuitkyk van 'n tradisionele gemeenskap en die feit dat hulle nog nie die rewolusie van die moderne wetenskap en industrie ondervind het, of oor die moderne administrasie beskik het om hierdie nuwe situasie te hanteer nie. Dit was 'n stryd tussen die oue en die nuwe; tussen beeste en kontant; tussen boer en ingenieur; tussen selfgenoegsaamheid en die onderlinge afhanklikheid van die moderne handel en nywerheid.

Hierdie nuwe verwikkelings het egter meegebring dat die Afrikaner die volgende 50 jaar soveel aandag aan die politieke en konstitusionele hervorming van die land bestee het, dat hy die ekonomiese terrein erg afgeskeep het. In die Kaap is daar reeds in 1853 verteenwoordigende regering ingestel, terwyl selfregering in 1872 gevolg het — wat geen kleurslagboom erken het nie. Die inwoners kon, hoewel die Kaap natuurlik nog 'n Britse Kolonie was, nietemin reeds 'n invloed op hulle ekonomiese bestemming uitoefen. Eers in 1882 is Nederlands in die Kaapse Parlement gebruik, waarna die gebruik daarvan ook na die res van die openbare lewe uitgebrei is. Onder die invloed van die liberalisme het Brittanje spoedig na die vrede van Vereeniging daartoe oorgegaan om selfregering aan die land toe te staan en in 1910 word die vier provinsies in die Unie, onder een sentrale regering, verenig. Daar is gevolglik 'n doeaneunie vir die land se 6 miljoen

inwoners gevorm, wat die interstreekse handel aangemoedig het. Sedert 1924, met die bewindsaanvaarding van die Pakt-regering, is daar ook 'n meer doelbewuste beleid gevolg om Suid-Afrika se nywerheidsontwikkeling te stimuleer. Dit was dus die aanduiding dat snelle ekonomiese groei 'n doelbewuste doelwit van die sentrale regering geword het, sodat die drie ontwikkelingselemente, naamlik die menslike kultuur, die hulpbronne en die politieke instellings sedertdien saamwerk om hierdie doelwit van 'n verhoging in die groeitempo moontlik te maak, ten einde die lewenstandaard van die bevolking te verhoog. Dit was dan ook die begin van ekonomiese nasionalisme in Suid-Afrika.

Hierdie ontwikkelingsproses, met die gevolglike bevolkingsverskuiwing wat daarmee gepaard gegaan het, moes onvermydelik ingewikkelde sosiale probleme meebring — wat nog verder gekompliseerd is vanweë die aanwesigheid van die nie-blankes. In 1907 was daar reeds 160,000 persone in die Witwatersrandse goudmyne werksaam, en was daar aan die arbeidsfront die eerste stakings wat die ontplofbare eienskappe van die industriële samelewing geïllustreer het. In 1913 was daar die eerste botsing tussen kapitaal en arbeid, en verkry arbeid die reg van gesamentlike bedinging deur middel van vakbonde. In 1922 verskuif hierdie arbeidsbotsing na die rassefront. Geen wonder dus dat daar sedert 1924 gepoog is, 'n beleidsrigting wat meer doelbewus sedert 1948 ingeslaan is, om die vorming van die stedelike sosiale samelewing te orden en nie langer aan toevallige faktore en die onvoorspelbare wisselwerking van die ekonomiese en sosiale wette oor te laat nie.

c. *Die stadium van voorbereiding vir volgehoue ekonomiese groei (1933—1945)*

Dit is die derde fase in die ekonomiese ontwikkeling van 'n land en behels die interval waartydens al die teenstand teen ekonomiese groei uiteindelik oorwin word. Die faktore wat ekonomiese groei begunstig moet dus die gemeenskap domineer. Besparing moet toeneem om kapitaalkvorming te finansier en die eksploitasie van nuwe hulpbronne moontlik te maak. Soos daarop gewys, was hierdie toestand reeds in die twintigerjare in Suid-Afrika in wording — hoewel toegegee moet word dat veral 'n groot gedeelte van die nie-blankes,

wat nog in die bestaanssektor verkeer het, nie hierdie proses meegemaak het nie. Dit is egter die kenmerke van 'n dualistiese volkshuishouding.

Volgens Houghton was hierdie fase in Suid-Afrika van besonder korte tydsduur en is dit ingelui deur die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond teen die einde van 1932, wat dadelik weer vertroue in die land se geldeenheid herstel het, sodat die spekulatiewe kapitaal wat die land verlaat het, tesame met immigrante weer die land binnegevloei het. Die landbou-omstandighede het as gevolg daarvan ook weer begin verbeter, terwyl nywerheidsproduksie insgelyks toegeneem het. Die nywerheidsproduksie en -ontwikkeling is verder tydens die oorlog gestimuleer toe Suid-Afrika van sy buitelandse invoermarkte afgesny was en in 1940 is die N.O.K. gestig met die oog op die aanmoediging van die nywerheidsgroei in die land — deur o.a. kapitaal aan voornemende nyweraars beskikbaar te stel.

Die oprigting van 'n verskeidenheid nywerhede in die binneland, het gehelp om die armblankes te absorbeer. In die stedelike gebiede was daar ook beter skool- en ander opleidingsgeriewe om die kinders van hierdie ontwortelde blankes vir die toekoms te bekwaam en hulle die nodige peil van geskooldheid te gee vir die nywerheidsontwikkeling, wat toenemend sy stempel op die volkshuishouding begin afdruk het. Hierdie nywerheidsgroei, net soos die ontwikkeling van die land se politieke instellings (Suid-Afrika het in 1931 'n onafhanklike Britse Dominium geword), was 'n teken van die land se groter wordende volwassenheid. Lande soos Suid-Afrika, Australië en Kanada het na 'n groter mate van selfgenoegsaamheid gestreef, en hulle toenemende ekonomiese onafhanklikheid het politieke onafhanklikheid meer realisties gemaak. Die inwoners van hierdie lande was inderdaad die inwoners van moderne Westerse state.

d. *Die ontwikkeling tot volle volwassenheid (1946—?)*

In die reël strek hierdie ontwikkelingsfase oor 'n betreklike lang tydperk wat tot 60 jaar kan duur. Die kenmerke van hierdie ontwikkelingsfase is gewoonlik dat kapitaalsvorming van 10 na 20% van die nasionale inkome beloop; dat die moderne tegnologie oor die hele ekonomie versprei word; dat nuwe

nywerhede ontstaan en groei en dat die ontwikkelingstempo die bevolkingsaanwas oorskry.

Na die Tweede Wêreldoorlog het buitelandse kapitaal en immigrante die land ingestroom. Afgesien van die devaluasie van 1949, is daar in die vroeë vyftigerjare 'n begin, eers met die ontginning van die Wes-Transvaalse en later van die Vrystaatse goudvelde gemaak, wat die goudmynbedryf weer nuwe dryfkrag gegee het. Boonop het die uraanbedryf ook die goudmynbedryf ten goede gekom. Nywerheidsondernemings, aangehelp deur die oprigting van Yskor in 1929, het soos paddastoelae opgespring, wat die armblankes, wat in die depressie nog op tussen 200,000 en 300,000 gestel is, geabsorbeer het. In teenstelling was daar spoedig 'n tekort aan opgeleide mannekrag en het dit een van die land se grootste probleme geword. Op die oomblik dra die nywerheidsfaktor reeds 26 persent tot die Republiek, wat in 1961 tot stand gekom het, se netto binnelandse produk by, terwyl kapitaalsvorming in 1964 16 persent van die netto volksinkome (teen faktorkoste) beloop het. Hoewel die nywerheidsektor die grootste skepper van inkome en die primêre groeifaktor in die ekonomie van die land is, is die landbou — veral vanweë die bestaansproduksie in die Bantoegebiede — nog die grootste indiensnemer van arbeid — hoewel dit besig is om relatief af te neem. Waar die totale indiensneming in die nywerheidsektor in 1916 nog slegs 124,000 beloop het, bedra dit tans reeds meer as 'n miljoen. In plaas van om die bestaande nywerheidskonsentrasie in die vier belangrikste nywerheidsentrums toe te laat om ongesteurd voort te gaan, is dit die Regering se voorneme om, net soos die nywerhede gehelp het om die Armblankevraagstuk op te los, dit deur die grensgebiedontwikkelingsprogram ook as 'n instrument vir die ekonomiese opheffing van die Bantoe in sy eie gebiede te gebruik.

Noudat die ekonomie op 'n fase van volgehoue ekonomiese ontwikkeling geloods is waar die Afrikaanssprekendes — met hulle besparings — nie langer slegs as geskoolde arbeiders en professionele persone nie, maar ook as ondernemers 'n toeneemende rol begin speel, is die tyd ryp om op die ontwikkeling van die Bantoegebiede te konsentreer. In hierdie program word daar nie alleen op die ekonomiese nie, maar ook op die sosiale (kulturele) en die politieke aspekte van die aange-

leentheid aandag gegee.

Dit is ook belangrik om op die rol van die vroue in hierdie veranderde ekonomiese omstandighede te let. Waar die vrou in 1930, met die uitbreiding van die stemreg na vroue, hulle politieke emansipasie ervaar het, het hulle nou die stadium van hulle ekonomiese emansipasie bereik en word die vrou in toenemende getalle op alle terreine van die ekonomiese samelewing in kompetisie met die man aangetref.

e. *Massaverbruik*

Suid-Afrika het nog nie die vyfde en laaste stadium van ekonomiese ontwikkeling vir sy hele bevolking bereik nie, en volgens Houghton sal hierdie fase nie voor die einde van die eeu aanbreek nie. Die blankes se lewenstandaard vergelyk egter reeds gunstig met dié van die massaverbruikslande in Wes-Europa en elders.

Gevolgtrekking

Hoewel alles wat in Suid-Afrika tot dusver op die ekonomiese terrein bereik is, die gevolg was van die blanke se bedrewenheid, kapitaal en organisasie, gepaardgaande met die nie-blanke se arbeid, breek die stadium nou aan dat die nie-blanke ryp word om 'n meer dinamiese rol op hierdie ander terreine te speel. Waar die Bantoes in die Bantoegebiede 'n paar jaar gelede nog vyandig was om weidingskampe te aanvaar, grondbewaringswerke te onderneem, die beperking van sy veegetalle te aanvaar en vir die mark te produseer, verdwyn hierdie vooroordeel en weerstand nou geleidelik, soos die Bantoe die materiële voordele van hierdie praktyke besef. Op hierdie terrein wag daar nietemin nog 'n groot taak op Suid-Afrika, wat hy in die belang van rassevrede en vir die vooruitgang van almal bereid is om met geduld en takt deur te voer. Hiervoor word egter nie alleen die samewerking van die nie-blankes nie, maar ook van die blankes benodig. Daar moet begryp word dat die Bantoegebiede nie 'n instrument is om die Bantoe agterlik te hou nie, maar om hom te beskerm teen die skerp kompetisie van die blanke, sodat hy ook 'n groter mate van ekonomiese selfstandigheid kan bereik.

Die Suid-Afrikaanse bevolking is vinnig besig om, soos

die Europese volke, 'n stedelike bevolking in 'n industriële milieu te word. In 1960 was 83 persent van die blankes, 67 persent van die Kleurlinge, 83 persent van die Asiate en 32 persent van die Bantoes reeds in die stedelike sentrums woonagtig. Ons probleme is dus dié van 'n stedelike gemeenskap — met die Bantoes as die uitsondering. Vanweë die stygende lewenstandaard van die nie-blankes, word hulle reeds 'n belangrike afsetmark vir nywerheidsprodukte en is daar 'n merk-bare verandering in hulle verbruikers- en bestedingspatrone — vanweë hulle noue kontak met die moderne ekonomie en die beskawingspeil van die blanke. Suid-Afrika is 'n land met 'n groot ekonomiese toekoms. Dit beskik oor die mense-materiaal wat gemotiveer is om die uitdagings van 'n moderne industriële staat te aanvaar en 'n tydperk van volgehoue ekonomiese groei — wat die basis vir ons voortbestaan is — te verseker.

A. S. Jacobs.

Pretoria.

-
- 1) Hsu, F. L. K.: Cultural Factors; Verwys na Williamson en Buttrick: Economic Development — Problems and Patterns; 1954.
 - 2) Boeke, J. H.: Economics and Economic Policies of Dual Societies; 1953.
 - 3) Houghton, D. H.: The South African Economy, 1964. Die feit dat hierdie indeling van Houghton gevolg word, beteken nie dat die skrywer dit onderskryf nie.
 - 4) de Kiewiet, C. W.: A History of South Africa — Social and Economic; 1946; p. 89.
 - 5) Ibid, p. 216.